jou eie!

NUUSBRIEF
DESEMBER 2024

KLEIN KAROO AGRI

BELANGRIKE BOERE KOMMUNIKASIE

KLEIN KAROO AGRI
HANDEL • MEGANISASIE • DIENSTE
jou eie!

Hoofkantoor	Oudtshoorn	Calitzdorp	De Rust	Ladismith & Vrugte	Meganisasie
044 203 5100	044 203 5700	044 213 3317	044 241 2141	028 551 1050	044 203 5210
Suzuki	**George**	**Beaufort-Wes**	**Prins Albert**	**Vida e Caffé**	**Besproeiing**
044 203 5233	044 878 0015	023 415 1199	023 541 1660	044 203 5184	044 203 5252

KLEIN KAROO AGRI

INLEIDING

Ek kan dit amper nie glo nie, maar die feesseisoen is weer op ons. Met Kersfees vier ons die geboorte van Jesus en dink na oor ons afhanklikheid van ons Skepper. Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee, Hy sal Heers en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Ons is dankbaar oor die goeie reën wat die afgelope jaar geval het. Die afgelope twee jaar het die weerspatrone weer teruggekeer na normaal, na sewe jaar se droogte. Die beter reënval het hoër damvlakke tot gevolg gehad en kon die produsente weer hul boedery-aktiwiteite voortsit. Klein Karoo Agri het die afgelope jaar weer bewys dat ons 'n vennoot vir ons produsente is, deur te help met die nodige inset-finansiering.

My oupa het altyd die verhaal vertel oor die dae van die perdekarre. Alles moes met die perde aangery word dorp toe. Op die gelyk pad en afdraende het die perdekar maklik geloop. Dit is by die steil bulte waar albei perde hard moes saam trek om oor die bult te kom. Hierdie verhaal het my baie aan Klein Karoo Agri laat dink. Al die produsente, verskaffers en personeel het hard saamgewerk en saamgetrek om deur al die uitdagings van die afgelope paar jaar bo te kon uitkom.

Daar kan met groot dankbaarheid gerapporteer word dat Klein Karoo Agri 'n uitsonderlike jaar beleef het. Goeie strategiese besluite het bygedra tot hierdie resultate en was dit 'n jaar met nuwe rekords ten opsigte van omset, netto wins en Klein Karoo Agri se unieke lojaliteitsprogram-uitbetaling.

Die lae marges waarteen Klein Karoo Agri besigheid doen, moet gesien word as ondersteunend aan ons primêre droel, naamklik die voorsiening van pryskompeterende insette wat in die daaglikse landbou-omgewing benodig word. Klein Karoo Agri se diversifiseringstrategie help ons om die goeie resultate te behaal.

Klein Karoo Agri is die voorkeurverskaffer van produkte en dienste in ons streek en daarom is elke produsent en kliënt vir ons belangrik. Ons wil waarde aan u toevoeg.

ONS BESIGHEID

Die 2024-finansiële jaar was ’n baie besige jaar vir Klein Karoo Agri. Die Klein Karoo Agri-groep bestaan uit 39 verskillende besigheidseenhede en al die besighede word apart gemeet om te verseker dat daar ’n spesifieke fokus op elke besigheidseenheid is.

Klein Karoo Agri het ‘n nuwe maatskappy gevestig, naamlik Klein Karoo Fuels (Pty) Ltd (‘KKF’). Die beweegrede hiervoor is om aan die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie se vereistes en wetgewing te voldoen. Brandstofverkope van die ses vulstasies, wat by Klein Karoo Agri se ses handelstakke geleë is, geskied in Klein Karoo Fuels.

Verder is Klein Karoo Agri Empowerment Holdings (Pty) Ltd (‘KKAEH’) ook gestig. Die aandeelhouers van Klein Karoo Agri Empowerment Holdings bestaan uit alle twee-weeklikse besoldigde werknemers van die Klein Karoo Agri-groep, wat vyf jaar en langer aaneenlopende diens het. KKAEH hou 10% van KKF se aandele. So word die lojale werknemers van Klein Karoo Agri bemagtig en beloon vir getroue diens. Klein Karoo Agri hou die ander 90% aandele in KKF.

Klein Karoo Agri het die eiendom wat hy op Oudtshoorn huur, asook die oop erf aangrensend tot die eiendom, by KKEB gekoop. Die eiendom sluit die handelstak en die meganisasie- en besproeiingsafdelings in.

Klein Karoo Agri het die oop erf ontwikkel. Die projek het reeds in November 2023 begin en die ‘JOU EIE! SENTRUM’ is amptelik op die 31 Oktober 2024 ge-open. Hierdie sentrum moet ‘n veilige inkopie-ervaring aan kliënte verskaf.

As deel van hierdie ontwikkeling het Klein Karoo Agri die oppervlak van sy handelstak op Oudtshoorn vergroot en is daar ‘n nuwe CASE-vertoonlokaal vir die meganisasie-afdeling gebou. Klein Karoo Agri het ook die SUZUKI-agentskap op Oudtshoorn oopgemaak.

‘JOU EIE! SENTRUM’ bestaan uit ‘n groot moderne SPAR en TOPS, ABSA-bank, Clicks, Vida e Caffè, IT Brilliance en KFC.

Besighede wat reeds op die perseel gevestig was, sluit in TyreMart, Cycle Addict, Karoobrou, Karoo Tuin en Klein Karoo Karwas. Al hierdie besighede sal aan kliënte ‘n eenstop inkopie-ervaring kan bied.

Vir Klein Karoo Agri bly die landbouprodusent die belangrikste en sal al die projekte wat ons aanpak tot voordeel van ons produsente wees.

Waaruit bestaan die Klein Karoo Agri-groep?

Klein Karoo Agri se ses handelstakke het weereens goed presteer die afgelope jaar. Volgehoue fokus om die regte produkte by ons verskillende takke aan te hou, bly ‘n groot prioriteit en word daar gefokus op goeie kliëntediens.

Die strategiese besluit om langtermyn vennootskappe met Case, Northmec-implemente, Case-konstruksie, Rovic Leers en ander geselekteerde verskaffers van landboumasjienerie en toerusting te vestig, werp vrugte af. Klein Karoo Agri beskik oor ‘n goeie verkoopspan. Ons is voortdurend besig om ons werkswinkelpersoneel aan te vul om die nodige diens te kan lewer. Besoek gerus ons Oudtshoorn en George meganisasie-takke.

Die besproeiingsafdeling presteer bevredigend en die tegniese span is gereed om te help. Kontak die afdeling op Oudthoorn en George vir u besproeiingsbehoeftes, insluitend die opmeet en ontwerp van stelsels. Die Zimmatic-spilpunt is een van Klein Karoo Agri se agentskappe.

Die vrugtebedryf bly uitdagend. Die produskie van produsente het egter verbeter met groter oeste. Daar is meer kartonne vrugte verpak die afgelope jaar.

Die vee-veilings en verhandelsafdeling presteer bevredigend. Wat ‘n positiewe bydrae lewer, is die vee-getalle in ons streek wat stelselmatig besig is om te verhoog.

Dit is sigbaar in die vee-getalle by ons Kansa veilings, asook die aantal direkte hand-transaksies. Kontak gerus ons veebemarkers indien u vee het wat u wil verkoop.

P.A. Geldenhuys	082 410 7705
Gert Laubscher	082 510 2680

Die finansieringsafdeling wat bestaan uit die kredietbestuurfunksie en huurkope, word bestuur deur Klein Karoo Agri se Kredietbestuurder, Charles Murray. In hierdie afdeling word al Klein Karoo Agri se debiteure hanteer. Die toestaan van krediet vind binne die raamwerk van Klein Karoo Agri se kredietbeleid plaas. Dit is belangrik dat alle debiteure op ‘n verantwoordelike wyse bestuur word. As ‘n geregistreerde kredietverskaffer moet Klein Karoo Agri krediet binne die gedragskode en regulatoriese vereistes van die Nasionale Kredietreguleerder verskaf. U is welkom om Charles te kontak vir enige kredietnavrae of om met hom ‘n afspraak te maak by 044 203 5226 of 064 502 0213.

Die twee 24-uur vulstasies, naamlik Total Reinders op Ladismith en die Klein Karoo Engen op Oudtshoorn het weereens ‘n positiewe bydrae tot Klein Karoo Agri se resultate gelewer.

Brandstof-sekerheid gaan in die toekoms al hoe belangriker raak. Klein Karoo Agri het homself strategies goed geposisioneer om hierdie risiko aan te spreek.

Prys is belangrik, maar goeie kliëntediens is vir Klein Karoo Agri nog belangriker. Om te verseker dat die regte produk op die regte tyd beskikbaar is, is waarop die klem val.

Klein Karoo Agri het die 2024-finansiële jaar afgesluit met ‘n omset van R1,150 miljard.



Hierdie prestasie was slegs moontlik deur ons produsente wat Klein Karoo Agri so lojaal ondersteun het. Net soos ons produsente, moet Klein Karoo Agri ook planne maak in uitdagende en moeilike omstandighede in die landbou- en besigheidsomgewing. Klein Karoo Agri is ‘n trotse maatskappy wat daar is vir elke produsent. Ons doen besigheid volgens die ‘ou koöperasie model’, maar net binne ‘n privaat maatskappy formaat en daarom het Klein Karoo Agri sy unieke lojaliteitsprogram.



KLEIN KAROO AGRI SE UNIEKE LOJALITEITSPROGRAM

Wat maak Klein Karoo Agri se lojaliteitsprogram so uniek? Geelkaarthouers kan die kontant op hulle kaarte aanwend teen toekomstige aankope by Klein Karoo Agri. Blou kaarte is beskikbaar vir die aandeelhouers van Klein Karoo (Edms) Bpk. Hulle kwalifiseer vir 'n aanvullende kontantterugbetaling vanuit direksiegoedgekeurde fondse. Die verdeling vind plaas in verhouding tot die lid se aankope vir die betrokke finansiële jaar.

Tydens die algemene jaarvergadering word die gewaarborgde kontantterugbetaling sowel as die aanvullende kontantterugbetaling aan lede betaal. Hierdie jaar was die kontant-uitbetaling R9,6 miljoen, wat 30% is van Klein Karoo Agri-groep se totale netto wins. So hoe beter Klein Karoo Agri in 'n spesifieke jaar vaar, hoe groter is die 30% wat wat uitbetaal word deur die lojaliteitsprogram. Hoe meer u as produsent Klein Karoo Agri ondersteun, hoe meer sal u deel wees van die 30%.

Al die inligting ten opsigte van die lojaliteitsprogram is beskikbaar op Klein Karoo Agri se webbladsy. (www.kleinkarooagri.co.za)

So word lojale produsente en aandeelhouers beloon vir hul lojaliteit en aankope by Klein Karoo Agri.

BESIGHEIDSURE SAL AS VOLG WEES TYDENS DIE FEESSEISOEN:

Oudtshoorn, Meganisasie en Besproeiing

Weeksdae:	07:30 tot 17:00
Saterdae:	08:00 tot 12:00
Sondae:	Gesluit
Vakansiedae:	08:00 tot 13:00
16 Desember:	08:00 tot 13:00
25 Desember:	Gesluit
26 Desember:	Gesluit
01 Januarie:	Gesluit

Oudtshoorn Vulstasie:

Elke dag:	06:00 tot 20:00
24 Desember:	06:00 tot 18:00
25 Desember:	Gesluit

Prins Albert

Weeksdae:	07:30 tot 17:00
Saterdae:	08:00 tot 11:00
Sondae:	Gesluit
Vakansiedae:	08:00 tot 13:00
16 Desember:	Gesluit
25 Desember:	Gesluit
26 Desember:	Gesluit
01 Januarie:	Gesluit

Prins Albert Vulstasie:

Elke dag:	06:00 tot 18:00
25 Desember:	Gesluit

Calitzdorp

Weeksdae:	07:30 tot 17:00
Saterdae:	Gesluit
Sondae:	Gesluit
Vakansiedae:	08:00 tot 13:00
16 Desember:	Gesluit
25 Desember:	Gesluit
26 Desember:	Gesluit
01 Januarie:	Gesluit
Vulstasie:	Soos per tak se ure

Vida e Caffè

Weeksdae:	07:00 tot 18:00
Saterdae:	07:00 tot 14:00
Sondae:	07:00 tot 14:00
Vakansiedae:	07:00 tot 14:00
25 Desember:	Gesluit
26 Desember:	Gesluit
01 Januarie:	Gesluit

De Rust en Beaufort-Wes

Weeksdae:	07:30 tot 17:00
Saterdae:	08:00 tot 12:00
Sondae:	Gesluit
Vakansiedae:	08:00 tot 13:00
16 Desember:	Gesluit
25 Desember:	Gesluit
26 Desember:	Gesluit
01 Januarie:	Gesluit

Vulstasies:

Elke dag:	06:00 tot 20:00
24 Desember:	06:00 tot 18:00
25 Desember:	Gesluit

Ladismith

Weeksdae:	07:30 tot 17:00
Saterdae:	08:00 tot 12:00
Sondae:	Gesluit
Vakansiedae:	08:00 tot 13:00
16 Desember:	Gesluit
25 Desember:	Gesluit
26 Desember:	Gesluit
01 Januarie:	Gesluit

Ladismith Vulstasie: Soos per tak se ure

George - Meganisasie

Weeksdae :	07:30 tot 17:00
Saterdae:	Gesluit
Sondae:	Gesluit
Vakansiedae:	Gesluit

Suzuki Oudtshoorn

Weeksdae:	07:30 tot 17:00
Saterdae:	08:00 tot 12:00
Sondae:	Gesluit
Vakansiedae:	08:00 tot 13:00
16 Desember:	08:00 tot 13:00
25 Desember:	Gesluit
26 Desember:	Gesluit
01 Januarie:	Gesluit

24-uur Vulstasies

Klein Karoo Engen op Oudtshoorn en Reinders Garage Total op Ladismith sal steeds 24-uur per dag oop wees.

PERSONEEL

Klein Karoo Agri se bestuurspan is ‘n energieke en dinamiese span. Ons streef daarna om diensvlakke aanhoudend te verbeter.

Marnelle Steyl is aangestel as Klein Karoo Agri se Hoof Finansiële Bestuurder (CFO) van die Klein Karoo Agri-groep.

Gerickus Vermeulen as bemarkingsbestuurder lewer reeds ‘n groot bydrae om waarde vir ons produsente toe te voeg.

Jos Landman, Klein Karoo Agri se meganisasiebestuurder en sy span het die afgelope jaar 84 nuwe trekkers verkoop wat ‘n baie goeie prestasie is.

Francois Olivier is aangestel as die nuwe takbestuurder op Prins Albert. Francois sal die 1 Januarie 2025 by die Klein Karoo Agri-span aansluit. Francois het groot geword in Victoria-Wes, waar hy ook gematrikuleer het. Hy het na skool bemarking studeer in Bloemfontein en het ondervinding in verskeie aspekte van landbou.

Ons personeel bly een van ons organisasie se belangrikste bates. Dit is ‘n span wat toegewyd is en trots is om vir Klein Karoo Agri te werk. Vir elke personeellid van Klein Karoo Agri wil ons dankie sê. Sonder julle sou die resultate ook nie moontlik gewees het nie.

Dankie dat julle Klein Karoo Agri se naam hoog hou.

TEN SLOTTE

Klein Karoo Agri is ‘n produsent-gedrewe besigheid. Vir elke produsent wat Klein Karoo Agri die afgelope jaar so lojaal ondersteun het, wil ek baie dankie sê - julle maak dat Klein Karoo Agri suksesvol is.

Dit is belangrik dat elke produsent weet hy/sy is belangrik vir Klein Karoo Agri. Al die projekte waarmee Klein Karoo Agri besig is, moet ten alle tye tot voordeel van ons produsente wees. Klein Karoo Agri sal fokus op die dinge waaroor ons beheer het. Ons sal aandag gee aan dit waarop ons kan verbeter en poog om dit wat ons reeds goed doen net nog verder te verbeter.

Uitdagings en moeilike tye gaan oor ons pad kom. Dit is belangrik dat ons sal aanhou hoop, glo, vertrou en weet waar ons hulp verdaan kom. Alle eer aan ons Hemelse Vader en mag hierdie feesseisoen net mooi en goed wees vir elkeen van julle. Lewe elke dag voluit, met die wete dat God groter is as al ons hoogtepunte en laagtepunte.

Kersgroete

Terblanche du Plessis
BESTURENDE DIREKTEUR